

## *Ferraria glutinosa* (Fam. Iridaceae)


H: Otjitetangoro

Een van die merkwaardigste leliegewasse is die grasagtige *Ferraria glutinosa* met sy donkerbruin-pers tot amper swart bloeisels. Die donker **blom** word opgehelder deur geel spikkels en die kroes geel kante van elke blomblaar. Die plant word tot 1 m hoog. Die plat **stingel** groei ietwat in 'n zigzag-vorm, vertak, en aan elke takpunt ontwikkel 'n blom. Net onderkant die vertakking en die blomskeide sit 'n bruin klewerige ring, waarop dikwels sand kleef.

Merkwaardig is ook, dat daar slegs drie of vier smal, plat, swaardagtige **blare** is, wat net onderkant aan die steel uit 'n blaarskeide regop groei.

Uit die blom ontwikkel later 'n langwerpige **saadkapsule**, papieragtig as ryp, en dit staan orent.

Die **sade** lyk oranjeleurig en is onreëlmatig gevorm.



Ongeveer 20 cm diep in die grond sit 'n ferm platterige **bol**. Die bol bevat genoeg voedingstowwe vir die onderhoud van een plant vir een seisoen. Dan groei bo-op die ou bol 'n nuwe een vir die volgende

seisoen; so kan dit wees, dat meer as

een bol bo-op mekaar, nog vas aan mekaar in die grond lê; die boonste een is of die een vir die nuwe seisoen (as dit nog klein en wit is) of die aktuele versorger-bol (as dit die grootste ene is).



By hierdie plek was daar twee bolle langs mekaar, ene met bogrondse dele, by die ander was nog alles ondergronds.



Die nuwe “plant” vorm bo-op die nuwe bol.

Die “ou” bolle gaan nie dadelik tot niet nie; hulle vergeel en word al kleiner. (Op die foto links sien ons twee aktiewe bolle, een met nog ‘n “ouma-bol” onderaan, ene langs ‘n ou bol, op die foto regs ‘n stapel bolle van drie groeiseisoene)

Hierdie bolle word deur die San mense in Botswana en Namibië vir en voor rituele danse gebruik, om in ‘n trance toestand te kom. Dit beteken, dat die bol ‘n toksiese stof bevat. Ten spyte daarvan is daar van die Boesmanmense wat die bolle kook en eet.

By vee veroorsaak die vreet van die plant (boggrondse dele) erge vergiftigings met soms die dood as gevolg. Gewoonlik vreet diere dit nie, maar dit kan gebeur dat dit saam met gras ingeneem word. Aangesien die plant nie in groot hoeveelhede voorkom nie, is massavrektes baie onwaarskynlik.



In Namibië in die Kalahari kom nog ‘n ander *Ferraria* voor, naamlik *Ferraria variabilis*. Dit groei in die vorm van ‘n digte pol van ongeveer 20 cm hoogte. Die bloeisel se kleur is ‘n mengsel van blou, groen, en donkerbruin-pers gekombineer in verskeie grade van lig en donker en ook in die plasing van die kleure (dus sy naam *Ferraria variabilis*), wil sê, elke plant se blomme lyk verskillend, kan selfs amper lyk soos *F. glutinosa*.

Hierdie pragtige iris-lilie steek tussen grasse weg, maar as ‘n mens weet hoe dit lyk, sien jy dit gougou raak, en dis altyd ‘n verrassing, hoe hierdie plant se blomme lyk, want ook *F. glutinosa* se blomkleur variëer.



Waarvoor die taai bruin ring onderkant vertakkings sit, kon ek nie uitvind nie.

Indie hele suidelike Afrika kom menigte verskillende *Ferraria* spesies voor, sover my kennis strek, in Namibië net twee.

Inligtingsbronne: John Manning (pers.exchange)

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)

Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)

Gemsbok Bean and Kalahari Truffle..(Arno Leffers)

Flowering Plants of the Southern Kalahari (Noel & Gretel van Rooyen)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Wildflowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)

Peoples’ Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)

Foto van *Ferraria variabilis*: Felizitas en Helmut Hornik (Photo Guide African Plants Senckenberg)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

(Februarie 2022) updated Januarie.2024